Grey Kollege College

"WHEN THE OCCASION DEMANDS IT…"

Gedragskode vir leerders

School Rules & Disciplinary Code (Hersien/Revised 2013)

INHOUD

Grey Kollege:
Visie
Missiestelling
Waardes

Deel 1
Etiekkode

Deel 2
Gedragskode en –reëls

1. Inleiding
2. Doel
3. Algemene skoolreëls
4. Gedragskode vir Grey-leerlinge

Deel 3
1. Prosedure vir dissiplinêre optrede teen leerders
2. Vlakke van dissiplinêre optrede
3. Dissiplinêre verhoor
4. Interne appèl
5. Algemeen

Grey Kollege:

Visie:

Om, van generasie tot generasie, bekou te word as Suid-Afrika se beste sekondêre seunskool, gemeet as een van die bestes ter wêreld.

Missiestelling:

Grey Kollege se sleutelbelanghebbendes streef daarna om elke individuele Grey-seun in 'n gelukkige en geborge skoolomgewing op te voed sodat hy sukses sal beleef en optimaal toegerus word vir 'n verantwoordelike bydrae binne 'n multikulturele Suid-Afrika.

Hierdie opvoedingsideaal verg opvoedkundig verantwoordbare parallelmediumonderwys in Afrikaans en Engels; uitnemende leierskap en bestuur; pro-aktiewe kommunikasie en samewerking met alle belanghebbendes; 'n verbintenis tot 'n gemeenskaplike waardestelsel wat respek vir die individu, uitnemendheid, lojaliteit aan Grey Kollege se tradisies en respek vir die omgewing insluit; en 'n Christelike opvoedingsfilosofie en -praktyk.

Waardes:

- Respek (Leef en laat leef)
- Span (Grey in union)
- Maniere (Touch of class)
- Moed (Grey guts)
- Integriteit (Die waarheid maak vry)
- Verdraagsaamheid (All for one & one for all)
- Self-dissipline (Grey-gees)

DEEL 1

Etiekkode

Grey Kollege is ‘n skool met ‘n ryke tradisie. Die skool en die Grey-seuns is ‘n geordende gemeenskap en tree altyd gedissiplineerd op – dit is bevorderlik vir prestasie en menswees. Selfdissipline is

belangrik en daarom word altyd daarna gestreef; tot eie voordeel en tot voordeel van ander.

Die samewerking van elke Grey-seun, ouer en onderwyser is noodsaaklik en daar moet onophoudelik en doelgerig saamgewerk word om ‘n gedissiplineerde omgewing daar te stel. Dit is tot die voordeel van elke Grey-seun en verryk elkeen in die proses. Dissipline is noodsaaklik en is daarop gemik om die Grey-seun ten beste vir die lewe voor te berei. Om te dissiplineer beteken om op te voed.

Straf is net ‘n tydelike deel van dissipline; dit is ‘n korttermyn maatreël om ’n Grey-seun van verkeerde optrede te weerhou.

Dissipline is die verantwoordelikheid van:

- die individuele leerling
- die matriek leiers
- die personeel
- die Koshuis personeel
- die Skoolhoof
- die ouers

By Grey Kollege streef ons daarna om ‘n kultuur vir effektiewe onderrig en leer daar te stel, waar die vakinhoud vir Grey-seuns in ‘n gedissiplineerde onderrigsituasie ontsluit word. Dit moet vir die onderwysers en die Grey-seuns lekker wees om in so ‘n klassituasie onderrig te gee en te ontvang.

Hierdie waardes en norme vir die gedrag van beide onderwysers en Grey-seuns moet, soos vervat in die Onderwyswet wees: “ ’n Nie-rassige, demokratiese en dinamiese onderwys, wat ons in staat stel om verantwoordelike volwassenes, ouers en lede van die gemeenskap te wees”. Dit, in kort, is die unieke omgewing van Grey Kollege.

Daar rus ‘n regsplig op die Beheerliggaam en die skool om die regte van alle Grey-seuns en onderwysers te beskerm in die daarstelling van ‘n harmonieuse en nederige verhouding, waarbinne wedersydse respek tussen onderwysers, Grey-seuns en ouers moet heers. Daar moet ook samewerking en vertroue tydens die leerproses heers;

- om Grey-seuns tot verantwoordelike en selfstandige besluitneming op te voed en in hierdie proses moet die ouers/voogde en die skool dinamies saamwerk.
- om ‘n sterk pligsbesef by Grey-seuns te kweek en aan te moedig, aangesien daar ‘n baie nou verband tussen swak pligsbesef, onaanvaarbare gedrag en swak vordering op skool is.

Ouers se verantwoordelikheid:

- Ondersteun die skool en personeel om hul seuns op te voed, met in ag neming van die dissiplinêre kode van die skool en die redes en doelwitte van skooldissipline.
- Ondersteun die dissiplinêre strukture en prosedures van die skool.
- Ondersteun die skool se pogings om dissipline effektief en ferm toe te pas.
- Verseker dat seuns die skoolreëls verstaan en toepas.
- Ondersteun die skool in die toepassing van tugmaatreëls vir oortredings.

Leerders se verantwoordelikheid:

- Gehoorsaam die instruksies van personeel, senior leerders en enige ander volwassenes.
- Tree verantwoordelik op en koester die veiligheid en regte van ander.
- Respekteer die eiendom van die skool en ander.
- Wees hoflik en respekteer die eiewaarde van ander.
- Wees eerlik en tree met integriteit op.
- Wees altyd betyds en stiptelik.
- Respekteer die privaatheid van ander asook hul besittings.
- Verstaan dat wanneer by die skool of onder die skool se toesig is, die skoolhoof en personeel die reg het om *in loco parentis* op te tree en die gesag het om te verhoed dat ’n leerder homself beseer of in gevaar stel.
- Waardeer en verstaan dat ander leerders, personeel en die skool ook regte het en dat almal toegelaat moet word om Grey Kollege se unieke atmosfeer te geniet, waar dissipline en orde in ’n veilige omgewing geniet kan word sodat opvoeding effektief kan plaasvind.
- Aanvaar regverdige dissiplinêre optrede, indien nodig.

PROFIEL VAN 'N "GREY GENTLEMAN"

'n "Grey Gentleman":

- ✓ groet;
- ✓ sê "asseblief" en "dankie";
- ✓ staan op wanneer 'n volwassene naderkom;
- ✓ is trots op sy voorkoms: skeer, maak sy skoene skoon, is trots op sy skooluniform en dra nie juwele skool toe nie;
- ✓ is trots op sy taalgebruik;
- ✓ strooi nie rommel nie maar hou die skoolgronde skoon;
- ✓ hou die badkamers skoon;
- ✓ pas sy eiendom op;
- ✓ respekteer die eiendom van ander;
- ✓ maak seker dat sy skoolfooie betaal is en kom sy finansiële verpligtinge na;
- ✓ neem aan skoolaktiwiteite deel;
- ✓ is stiptelik vir afsprake, detensie of enige ander skoolaktiwiteit;
- ✓ steel nie en leen nie sonder toestemming nie;
- ✓ is betyds vir klas, wedstryde, oefeninge of enige ander optredes;
- ✓ besoek nie die Tuck Shop of Coffee Shop tydens lesse nie;
- ✓ luister na afkondigings oor die interkom;
- ✓ respekteer sy Skepper, die personeel, volwassenes, mede Grey-leerders en ander;
- ✓ doen elke dag sy huiswerk;
- ✓ vra om verskoning indien verkeerd;
- ✓ draai nie stokkies nie en maak nie afsprake tydens skoolure nie;
- ✓ verlaat nie die klas of die skool voordat die klok gelui het nie;
- ✓ aanvaar sy straf;
- ✓ ondersteun onderwysers waar hy kan;
- ✓ baklei nie en knou nie ander af nie;
- ✓ bly nie passief as ander geïntimideer word nie;
- ✓ beskerm nie diegene wat kwaad doen nie;
- ✓ doen nooit iets wat die goeie naam van Grey Kollege in gedrang bring nie;
- ✓ gebruik nie elektroniese toerusting in die klas sonder toestemming nie;
- ✓ weet hoe om te wen en te verloor;

- ✓ stel hoë standaarde aan homself en ander;
- ✓ erken die bydraes van ander en
- ✓ is deel van die Grey-span.

Etiekkode

Ek verbind my plegtig tot die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, en ek onderneem om die reg en die regstelsel te respekteer, te onderhou en te bevorder.

Ek verbind my daartoe om:

- hierdie gedragskode en al die reëls en regulasies van Grey Kollege getrou na te kom;
- hoë morele en etiese standaarde te handhaaf;
- daarna te streef dat my optrede altyd verantwoordelik en ter bevordering van die skool se goeie naam sal wees;
- my skoolwerk met ywer, pligsgetrouheid en toewyding te doen; en
- die nodige hoflikheid en respek teenoor alle personeel, medeleerders en besoekers te betoon.

Ek onderwerp my aan enige dissiplinêre maatreël indien ek sou versuim om enige bepaling of maatreël in die skool se gedragskode na te kom.

GETEKEN TE OP HIERDIE DAG VAN 20

_____

LEERDER

DEEL 2

Gedragskode en –reëls

1. Inleiding

Hierdie dokument is die gedragskode van Grey Kollege, soos die beheerliggaam dit op 1 April 2013 goedgekeur het. Die beheerliggaam het die ouers, leerders en opvoeders van die skool oor die inhoud van die gedragskode geraadpleeg. Die gedragskode is opgestel in ooreenstemming met die toepaslike bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 ('die Skolewet'); die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 27 van 1996; Riglyne vir Gedragskode vir Leerders (Algemene Kennisgewing 776 in Staatskoerant 18900 van 15 Mei 1998); die Regulasies met betrekking tot Apparate vir Dwelmtoetsing en die Prosedure wat gevolg moet word (GK 1140 in Staatskoerant 31417 van 19 September 2008); Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole (GK 1040 in Staatskoerant 22754 van Oktober 2001, soos gewysig) en toepaslike provinsiale wetgewing.

2. Doel

Hoewel die Staat verplig bly om opvoeding beskikbaar en toeganklik te maak, moet dit aangevul word met die toewyding en verbintenis van verantwoordelike rolspelers, naamlik opvoeders, leerders en ouers. Hierdie gedragskode is bedoel om sodanige toewyding en verbintenis te bevorder. Die doel van hierdie gedragskode is om 'n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing te vestig wat toegewy is aan die bevordering en handhawing van die gehalte van die leerproses.
Die gedragskode onderskryf die skool se missiestelling.
Leerders en hul ouers/voogde moet hulself van die skool se gedragskode en die bepalings daarvan vergewis. Sodra leerders by die skool/koshuis ingeskryf is, is hulle onderworpe aan die gedragskode, en moet hulle dit stiptelik nakom. Indien leerders die gedragskode oortree of minag, sal daar ooreenkomstig die dissiplinêre prosedure vir leerders teen hulle opgetree word.

3. Algemene skoolreëls

3.1 SKOOLTYE

3.1.1 Sekondêre Skool
Aanvang: 07:30 (personeel 07:25)
Verdaag: 13:40

3.1.2 Primêre Skool
Aanvang: 07:20 (personeel 07:10)
Verdaag: 13:30

3.1.3 Pre-Primêre Skool
Aanvang: 08:00 (personeel 07:00)
Verdaag: 12:30

3.2 SKOOLKAMPUS

3.2.1 Die skoolkampus word voor skool en tydens pouses deur die prefekte vir die Primêre en die Sekondêre skole afgebaken – 'n kaart is op die kennisgewingbord aangebring.

3.2.2 Die volgende areas is verbode terrein voor skool, sowel as tydens pouses:

- Alle klaskamers.
- Die swembad-area.
- Die hoof-rugbyveld, pawiljoene en agter die Grey Pawiljoen.
- Die krieket-klubhuis.
- Die tennis-klubhuis, tennisbane en gras-areas by die tennisbane.
- Parkeerareas en die onderdak personeel-parkeerarea aan die suidekant van die skool.
- Die fietsloods en die motorfiets-parkeerarea.
- Die werkareas van die dienspersoneel.
- Beide skoolsale en ingangsportale.

3.2.3 Geen gevaarlike speletjies, stampery, bakleiery en afknouery word toegelaat nie.

3.2.4 Geen Grey-seun mag die skoolterrein gedurende skooltyd sonder toestemming verlaat nie. Toestemming kan verkry word van die sekretaresse by Ontvangs.

3.2.5 Geen balspeletjies word tussen die klaskamers toegelaat nie.

3.3 SKOOLDRAG

Die voorgeskrewe skooldrag moet gedurende skoolure én ander skoolaktiwiteite soos wat deur die personeel bepaal, gedra word.

Skooldrag moet altyd skoon en netjies wees. Wat onderhemde betref, mag seuns slegs 'n effekleurige, wit onderhemp dra wat onder geen omstandighede sigbaar mag wees nie.

3.3.1 Die vereistes vir skooldrag is soos volg:

Somer	Winter
• 'n Medium grys langbroek van gladde materiaal. • Bypassende grys langmou-hemp, opgerol tot twee vingerbreedtes vanaf elmboog. • Grys sokkies. • Grey Kollege-das met of sonder kleurbaadjie. • Swart skoene van gladde kalfsleer met veters.	• Soos vir somerdrag, plus kleurbaadjie. • Truie mag slegs saam met 'n kleurbaadjie gedra word. • Slegs grys truie wat deur leweransiers verskaf word, is toelaatbaar.

3.3.2 Volle skooluniform behels dieselfde broek, skoene en sokkies soos vir skooldrag, met gewone effekleurige wit hemp met wit boordjie, Grey Kollege-das en kleurbaadjie. Drag na skool buite die skoolterrein en ander openbare plekke is volle skooluniform.

3.3.3 Die voorgeskrewe skooldrag is verpligtend – selfs ná skool moet Grey-seuns die uitnemende beeld van die skool uitdra.

3.3.4 Tydens sportbyeenkomste mag slegs Grey Kollege se volle skooluniform of die voorgeskrewe sportdrag gedra word.

3.3.5 Indien ‘n Grey-seun op grond van sy skooldrag as ‘n Grey-skolier geïdentifiseer kan word, geld alle reëls in die openbaar, net soos op die kampus.

3.3.6 Geen Grey-seun mag op enige stadium sy das afhaal en/of losmaak, sy skoene uittrek of sy boonste hempsknoop losmaak wanneer hy die skooluniform aan het nie.

3.3.7 Geen musse of hoofbedekkings mag gedra word nie.

3.3.8 Die personeel kan na goeddunke toestemming verleen dat leerders by sekere geleenthede burger-/gewone drag dra. Sodanige drag moet netjies en welvoeglik wees.

3.4 DIE VOORKOMS VAN GREY-SEUNS

Terwyl leerders in die skool se drag of enige gedeelte daarvan geklee is wat voldoende is om hulle in die oë van die publiek met die skool te verbind, of terwyl leerders die skool verteenwoordig, hetsy direk of indirek, hetsy as deelnemers, ondersteuners, helpers, toeskouers of andersins, sal hulle hulself van enige gedrag weerhou wat die skool, personeel of hul medeleerders in ’n slegte lig kan stel.

3.4.1 Seuns se hare moet aan die volgende voorskrifte voldoen:
Wanneer die hare gekam word, mag die kante nie oor die ore hang nie. Voor: twee vingerbreedtes bokant die oë. Agter: paslike lengte – hare mag nie aan die kraag raak nie. Haarstyle wat onder uitgeskeer of -geknip word, oftewel “undercuts”, is verbode.

3.4.2 Wangbaarde mag nie laer as die middel van die oor gedra word nie en moet kort gesny wees.

3.4.3 Geen “vreemde” of onkonvensionele haarstyle word toegelaat nie. Dit sluit ook die bleik van hare, vreemde haarkleure of sonstrepe in. Hare moet netjies gekam wees en mag nie regop bo-op die kop staan nie. Geen “jel” of iets soortgelyks mag gebruik word nie.

3.4.4 Seuns wat baard ontwikkel, moet elke dag skoongeskeer wees.

3.4.5 Juwele : Ringe, oorbelle, kettinkies en armbande (plastiek, rubber of leer) word nie toegelaat nie. Mediese inligtingsbande mag wel gedra

word. As juwele aan 'n Grey-seun gevind word, sal dit summier gekonfiskeer word, en 'n kwitansie sal aan die leerling as bewys gegee word. Volgens die voorgeskrewe reëls sal dit in 'n koevert geplaas en in die skoolkluis bewaar word tot aan die einde van die kwartaal.

3.4.6 Geen vorm van lyfkuns (tatoeëring) mag sigbaar wees wanneer die skooluniform gedra of aan sport deelgeneem word nie. Die dra van liggaamsjuwele, soos neus-, tong- en wenkbroujuwele, is verbode.

3.4.7 Leerders mag nie met hande in broeksakke staan of loop nie.

3.4.8 Skooltasse moet versterkings/afskortings bevat om boeke te beskerm. Slegs swart of vlootblou skooltasse word toegelaat. Slegs die eienaar se naam mag op die tas aangebring word.

3.5 GEDRAG

Leerders sal hulle ten alle tye as goeie ambassadeurs van die skool en ooreenkomstig die etiekkode van die skool gedra. Daar word verwag dat Grey-seuns ten alle tye goedgemanierd en hoflik sal optree teenoor mekaar, die personeel en die publiek. Parmantigheid en teëpratery sal nie geduld word nie. Hierdie reël geld ook op die sportveld – vuilspel word nie geduld nie en sal swaar gestraf word. Daar word verwag dat elke Grey-seun sal opstaan wanneer 'n onderwyser of volwassene verby loop en die persoon beleefd sal groet. Indien die persoon 'n besoeker is, moet die Grey-seun versoek of hy die persoon van hulp kan wees. Indien die besoeker op soek is na 'n spesifieke lokaal of persoon, moet die Grey-seun die besoeker na Ontvangs toe neem sodat 'n personeellid verdere hulp kan voorsien. Hoflikheid teenoor volwassenes na ure beide binne asook buite die skoolterrein is 'n vereiste vir elke Grey-seun.
In hul wisselwerking met mekaar, moet leerders sover moontlik selfbeheersing aan die dag lê en wedersydse respek en verdraagsaamheid betoon. In die besonder moet leerders hulle weerhou van enige gedrag wat daarop gemik is om die fisiese, geestelike en morele welstand van enige ander leerder te skend, of wat daartoe kan aanleiding gee. Enige seksuele of onbehoorlike fisiese kontak tussen leerders op die skoolterrein of enige ander plek waar hulle as leerders van die skool uitgeken kan word, is streng verbode.

’n Personeellid van die skool sal oor dieselfde regte as ’n ouer beskik wat betref die beheer en dissipline van die leerder volgens die gedragskode, sowel gedurende die leerder se skoolbywoning as gedurende enige skoolaktiwiteit.

3.6 STIPTELIKHEID

Leerders sal op die bestemde tyd aan die begin van die skooldag en met die aanvang van enige ander skoolaktiwiteit opdaag. Wanneer leerders laat kom, moet hulle ’n skriftelike verskoning van hul ouers verskaf. Leerders wat laat opdaag, moet eers by die kantoor aanmeld voordat hulle na hul betrokke klas gaan.

3.7 RONDBEWEEG DEUR LEERLINGE

3.7.1 Voor Skool

Die seuns moet vroegtydig na registerklasse beweeg en wanneer die klok lui, moet daar onmiddellik in die regte ry ingeval word. Geen laatkommery sal geduld word nie en daar sal streng teen oortreders opgetree word.

3.7.2 Klaswisseling

Daar moet flink en vinnig beweeg word tydens klaswisseling tussen periodes en daar sal weereens nie enige laatkommery geduld word nie.

3.8 BOODSKAPPE

Boodskappe aan seuns moet tot die heel belangrikste beperk word en ouers moet die kantoor voor 11:30 daarvan in kennis stel.

3.9 AFWESIGHEID

Ouers of voogde moet by Ontvangs kennis gee van enige afwesighede voordat skool in die oggend begin, m.a.w. voor 7:30. Leerders mag slegs in uitsonderlike gevalle afwesig wees van die skool, en dan ook slegs met die skriftelike toestemming van die skoolhoof, of sy verteenwoordiger indien die skoolhoof nie beskikbaar is nie.

Afwesigheid van die skool sonder 'n aanvaarbare verskoning word as stokkiesdraaiery beskou, wat streng verbode is. Leerders wat vir een tot drie agtereenvolgende dae van die skool afwesig is, moet met hul terugkeer 'n skriftelike verduideliking van hul ouers voorlê. Afwesigheid vir meer as drie agtereenvolgende dae sal slegs verskoon word indien 'n brief deur 'n geregistreerde mediese praktisyn voorgelê word, buiten in die geval van dood of trauma in die leerder se gesin, of om 'n ander rede wat deur die skoolhoof goedgekeur word.

3.10 ONGESTELDHEID TYDENS SKOOL-URE

Geen seun mag van 'n openbare telefoon bel, indien hy ongesteld raak by die skool nie. Toestemming moet van die vakonderwyser gevra word om kantoor toe te gaan, waar die sekretaresse by Ontvangs die ouers/voogde sal skakel. Grey-seuns mag slegs deur ouers/voogde by die kantore van die Primêre en/of Sekondêre skool afgehaal word, maar daar moet eers by die sekretaresse by Ontvangs uitgeteken word.

3.11 AFSPRAKE TYDENS SKOOL-URE

Leerders mag slegs in hoogs uitsonderlike gevalle toestemming kry om tydens skool-ure ander afsprake na te kom. 'n Brief van die ouer/voog moet tydens die registerperiode deur die registeronderwyser geteken word, nadat toestemming van die skoolhoof verkry is. Sodanige leerder moet dan, voordat hy die skool verlaat, die toestemmingsbrief deur sy vakonderwysers laat teken en dit dan by die kantoor indien voordat hy die skool verlaat. Ouers moet vooraf 'n tyd met die seun afspreek en hom dan by die kantoor uitteken. Geen leerder sal oor die interkom geroep word nie, aangesien dit onderrig gedurende klastyd ontwrig. 'n Leerder moet tot 09:00 by die skool bly om teenwoordig gemerk te word.

3.12 AFWESIGHEID VAN SKOOL VIR SPESIALE GEVALLE

Grey-seuns mag onder normale omstandighede nie die skool verlaat voor die einde van 'n kwartaal nie. Onder spesiale omstandighede sal 'n versoek egter oorweeg word om die skool voor die einde van 'n kwartaal te verlaat om spesiale geleenthede by te woon.

Toestemming vir sulke spesiale gevalle word slegs vanaf die skoolhoof verkry deur skriftelik aansoek daarvoor te doen.

3.13 MOTORS EN MOTORFIETSE

Slegs Grey-seuns met 'n geldige rybewys en wat skriftelik aansoek by die Hoof van Sekuriteit gedoen het, en toestemming gekry het, mag die skoolterrein met 'n motor of 'n motorfiets betree. Motors en motorfietse mag slegs parkeer word in die afgebakende gebiede wat daarvoor gereserveer is – ook na skool-ure. Toestemming om die skoolterrein met 'n motor of motorfiets binne te kom, kan deur die skoolhoof, op sy diskresie, teruggetrek word. 'n Geldige toegangsplakker sal vir elke suksesvolle aansoek voorsien word. Aansoekvorms is by die sekretaresse by Ontvangs en die Hoof van Sekuriteit verkrygbaar. Geen vierwielmotorfietse of pretritte word op die skoolterrein toegelaat nie en daar moet ten alle tye by die spoedgrens gehou word. Geen harde musiek mag in 'n motor gespeel word nie en motorfietsryers mag geen passasiers sonder valhelms vervoer nie. Die bestuur van 'n motorvoertuig of motorfiets deur 'n leerder sodat dit 'n gevaar of moontlike nadeel vir ander leerders op die skoolterrein of ander leerders en lede van die publiek in die onmiddellike omgewing van die skoolterrein inhou, is streng verbode. Leerders sal ten alle tye die verkeersreëls op en om die skoolterrein nakom. Alle motorvoertuie, motorfietse en fietse word op eie risiko op en om die skoolterrein parkeer.

3.14 TOESLUITKASSIES

Daar is sluitfasiliteite vir Grey-seuns se besittings by die skool beskikbaar. Die koste is R50 per kwartaal en word op 'n "eerste betaal, kry eerste"-basis toegeken. Meer inligting is by die skool se sekretaresse by Ontvangs beskikbaar.

3.15 TEISTERING

Geen diskriminasie of teistering op grond van geslag, ras, seksuele oriëntering, of geloof sal geduld word nie.

3.16 TOEGENEENTHEID

Geen Grey-seun mag enige vorm van intimiteit ten toon stel terwyl hy onder die jurisdiksie van die skool is nie. Dit sluit in hande vashou,

soenery of rondstap met die arm om die skouers van sy vriendin terwyl hy in die publiek verskyn.

3.17 AKADEMIESE BELEID EN REËLS

- Die bywoon van alle lesse is verpligtend.
- Leerders moet betyds vir alle lesse wees.
- Leerders mag nie die klas vroeg verlaat nie.
- Leerders moet ander se eiendom en ruimte respekteer. Vandalisme, beskadiging van klaskamertoerusting, asook die privaatheid van bv. 'n onderwyser se lessenaar en persoonlike ruimte, moet ten alle tye gerespekteer word.
- Huiswerkopdragte moet uitgevoer word.
- Leerders se voorkoms en skooldrag moet ten alle tye onberispelik wees. Leerders se voorkoms sal elke dag tydens registerklas geïnspekteer word.
- Parmantigheid, doelbewuste onderbreking van lesse, en enige vorm van disrespek teenoor opvoeders word as ernstige oortredings beskou en kan tot gevolg hê dat 'n leerder uit die klas verwyder word. Sulke oortredings kan ook meer ernstige strawwe tot gevolg hê, soos in die skool se gedragskode gestipuleer.

Toetse en eksamens

- Alle leerders is verplig om hulle aan die toetse en eksamens wat deur die opvoeders aan hulle opgedra word, te onderwerp. Versuim om aan hierdie reël te voldoen sal slegs in uitsonderlike gevalle verskoon word, mits die ouers van die betrokke leerder op die vroegs moontlike geleentheid 'n volledige en aanvaarbare skriftelike verduideliking aan die skoolhoof oorhandig.
- Leerders moet hulle met die afneem van toetse of eksamens van enige vorm van oneerlikheid weerhou.

BELEID T.O.V. SEUNS WAT EKSAMENS MISLOOP

Tydens "mini-eksamen":

1. Leerders kry nie 'n amptelike skoolrapport aan die einde van die kwartaal nie maar wel 'n akademiese vorderingsverslag.
2. 'n Leerder wat vakke mis sonder die goedkeuring van die skool, vir welke rede ookal, kry 'n nul op sy vorderingsverslag.

3. 'n Leerder wat die skool, provinsie of land verteenwoordig, met die skool se goedkeuring, **in 'n sport of kultuuraktiwiteit wat amptelik deur die skool aangebied word,** en 'n vak(ke) mis, word afwesig gemerk vir die betrokke vak(ke) wat gemis is.
4. 'n Leerder wat die skool, provinsie of land verteenwoordig, met die skool se goedkeuring, **in 'n sport of kultuuraktiwiteit wat NIE amptelik deur die skool aangebied word NIE**, en 'n vak(ke) mis, word afwesig gemerk vir die betrokke vak(ke) wat gemis is indien 'n amptelike bewys aan die skool voorgelê kan word.
5. 'n Leerder wat siek is en vak(ke) mis, en 'n mediese sertifikaat kan voorlê, word afwesig gemerk vir die betrokke vak(ke).
6. 'n Leerder wat 'n vak(ke) mis maar die ouer/voog kan 'n volledige en aanvaarbare verduideliking, op skrif, aan die skoolhoof oorhandig, word afwesig vir die vak(ke) gemerk.
7. 'n Leerder wat siek is, en nie 'n mediese sertifikaat kan voorlê nie, of 'n vak(ke) mis sonder 'n volledige en aanvaarbare verduideliking van die ouer/voog kry 'n nul op sy vorderingsverslag.
8. GEEN vraestelle sal voor die amptelike datum van die betrokke vak, soos per eksamenrooster, geskryf word nie.
9. 'n Leerder sal slegs toegelaat word om 'n vraestel vroeër, op die betrokke dag se eksamen, te skryf ter vergunning van amptelike skoolaktiwiteite of -toere, siekte in 'n familie of begrafnisse. Dit is NIE van toepassing om vroeër op vakansie te vertrek nie. Dokumentêre bewyse moet aan die skool voorgelê word alvorens goedkeuring verleen sal word.

Tydens volwaardige eksamen:

1. Leerders kry 'n amptelike skoolrapport aan die einde van die kwartaal.
2. Die volgende sal op die rapport verskyn en geld vir leerders wat 'n vak(ke) misloop gedurende die eksamen:

- 'n Leerder wat vakke mis sonder die goedkeuring van die skool, bv vir vroeë vakansie ens, kry **'n nul** op sy rapport.

- 'n Leerder wat afwesig is, en nie 'n mediese sertifikaat kan voorlê nie, kry **'n nul** op sy rapport.

- 'n Leerder wat afwesig is en 'n vak(ke) mis sonder 'n volledige en aanvaarbare verduideliking van die ouer/voog, kry **'n nul** op sy

rapport.

- 'n Leerder wat die skool, provinsie of land verteenwoordig, met die skool se goedkeuring, **in 'n sport wat amptelik deur die skool aangebied word,** en 'n vak(ke) mis, kry 'n **kwartaalpunt** vir die betrokke vak(ke) wat gemis is.

- 'n Leerder wat siek is en vak(ke) mis, en 'n mediese sertifikaat kan voorlê, word **afwesig** gemerk vir die betrokke vak(ke).

- 'n Leerder wat die skool, land of provinsie verteenwoordig, met die skool se goedkeuring, **in 'n sport wat NIE amptelik deur die skool aangebied word NIE,** en 'n vak(ke) mis, kry 'n **afwesig** vir die betrokke vak(ke) wat gemis is.

- 'n Leerder wat 'n vak(ke) mis maar die ouer/voog kan 'n volledige en aanvaarbare verduideliking, op skrif, aan die skoolhoof oorhandig, word **afwesig** vir die vak(ke) gemerk.

- 'n Leerder wat nie 'n eksamenvraestel voltooi nie, of slegs 'n gedeelte van die eksamen in 'n betrokke vak voltooi, bv Wiskunde 1 is voltooi (maar nie Wiskunde 2 nie), word as **onvoltooid** op sy rapport gemerk.

3. GEEN vraestelle sal voor die amptelike datum van die betrokke vak, soos per eksamenrooster, geskryf word nie.

4. 'n Leerder sal slegs toegelaat word om 'n vraestel vroeër, op die betrokke dag se eksamen, te skryf indien hy per vliegtuig/bus moet vertrek. Hierdie vergunning geld slegs vir skooltoere, siekte in 'n familie of begrafnisse. Dit is NIE van toepassing op vroeë vlugte om op vakansie te vertrek nie. Dokumentêre bewyse moet aan die skool voorgelê word alvorens goedkeuring, alleenlik deur die skoolhoof, verleen sal word.

3.18 REKENAARBELEID

- Die skool het gevestigde internet-fasiliteite wat alle leerders in staat stel om die internet asook e-posse te gebruik.
- Die internet mag egter slegs vir opvoedkundige doeleindes gebruik word.

- Onaanvaarbare gebruik van die internet sluit enigiets in wat ’n leerder se persoonlike veiligheid kan bedreig, enige onwettige handeling, onwelvoeglike taalgebruik, inbraak maak op iemand se privaatheid, die pleeg van plagiaat of kopiereg-oortredings, asook toegang tot onwelvoeglike materiaal.
- Geen Grey-seun mag die skool se internet-fasiliteite vir kommersiële transaksies gebruik nie.
- Leerders moet besef dat hul gebruik van die skool se rekenaars, e-posse en internet gemonitor word en dat dit te eniger tyd ondersoek mag word. Ondersoeke mag ook uitgevoer word na aanleiding van klagtes van iemand of ’n instansie buite die skool.

3.19 SPORTBELEID EN REËLS

- Deelname aan sport by Grey Kollege is verpligtend en daar word verwag dat alle seuns aan een sportsoort of kultuuraktiwiteit per kwartaal moet deelneem.
- Daar word ook verwag dat seuns sportoefeninge ten minste twee maal per week sal bywoon en dat wedstrydverpligtinge nagekom sal word. Leerders wat gekies is om die skool in ’n aktiwiteit te verteenwoordig kan slegs van bywoning verskoon word indien hy verskoning vooraf by die betrokke afrigter gemaak het.
- By Grey Kollege word verwag dat die hoogste standaarde van sportmanskap en gedrag op en van die veld af gevolg sal word. Om ten alle koste te wen, is nie deel van Grey Kollege se sportbeleid nie. Leerders moet ook ten alle tye skeidsregters se beslissings aanvaar sonder om enige ontevredenheid te toon. Alhoewel daar aanvaar word dat leerders wat aan sportaktiwiteite deelneem dit met oorgawe en volle inspanning doen, moet sodanige leerders steeds selfbeheersing en dissipline aan die dag lê. In die besonder moet leerders hulle van enige onsportiewe gedrag, vuil of beledigende taal, betrokkenheid in gevegte of voorvalle, of enige vuil of onbehoorlike spel weerhou.
- Oortredings van bogenoemde sal deur die skool se Dissiplinêre Tugkomitee vir Sport ondersoek word. Indien 'n leerder skuldig bevind word, sal die nodige sanksies, soos besluit deur die Dissiplinêre Tugkomitee vir Sport, opgelê word.

- Alle leerders moet die korrekte sportdrag aanhê tydens oefeninge en wedstryde; sportdrag moet ten alle tye netjies wees.
- Alle leerders moet betyds vir oefeninge en wedstryde opdaag.
- Leerders reis na en van wegwedstryde in hul volle skooluniform of volle skoolsweetpakke met hardloopskoene en sokkies aan. Enige vorm van sandale/plakkies word nie toegelaat nie. Die skool behou die reg om enige leerder wat nie korrek geklee is nie van 'n bus te verwyder.
- Daar word verwag dat leerders hulself na afloop van 'n wedstryd by hul betrokke afrigter sal verskoon indien hul nie per bus terugreis nie.
- Busse mag nie tydens wegwedstryde sonder 'n personeellid op die bus vertrek nie.
- Geen leerder mag enigiets doen, op of van die veld af, wat die goeie naam van Grey Kollege in gedrang sal bring nie.
- Alle leerders wat enige skoolaktiwiteit as toeskouers of ondersteuners bywoon, sal, benewens die nakoming van die bepalings van hierdie gedragskode, hulle van ontwrigtende, onbehoorlike, opstandige, onnodig opruiende of onbetaamlike gedrag weerhou. In die besonder mag leerders nie negatief op die beslissings van beoordelaars of skeidsregters reageer nie.
- Leerders wat enige skoolaktiwiteit as toeskouers of ondersteuners bywoon, sal hulle onderwerp aan en neerlê by enige opdragte en aanwysings wat hulle voor, gedurende én na afloop van die betrokke aktiwiteit ontvang van die skoolhoof, enige opvoeder, prefek, ander skoolleiers, of ouers wat die skoolhoof aangestel het om met die vervoer, toesig of beheer van leerders te help wat na of van die betrokke aktiwiteit vervoer word, of dit bywoon.
- Bostaande reëls geld ook vir enige deelname aan enige ander buitemuurse aktiwiteite buiten sport, behalwe waar dit ooglopend nie van toepassing is nie.

3.20 VEILIGHEIDSBELEID

Hierdie beleid behels die volgende:

- Om 'n kultuur van gesondheid en veiligheid vir alle persone wat op die skoolterrein leef, werk of dit besoek te skep.
- Om te onderneem om sover moontlik, en sover as wat redelik uitvoerbaar is, die gesondheid en veiligheid van alle

werknemers te waarborg, asook diegene te beskerm wat die skool tydens skoolaktiwiteite besoek.

- Om te onderneem om alle werknemers in te lig oor die moontlike gevare met betrekking tot die uitvoer van hul werk, die voorkomende maatreëls wat hierdie gevare kan bekamp te verduidelik, sodat dit verstaanbaar is en die nodige inligting, opleiding en toesig te verskaf sodat 'n veilige werksomgewing geskep kan word.
- Om pro-aktief te bly in die antisipering, herkenning, evaluering en beheer van alle onhigiëniese asook onveilige situasies wat tot ongelukke en/of onderbreking van werk aanleiding kan gee.
- Om positiewe geestelike, fisiese, asook sosiale gesondheid binne die organisasie te bevorder.
- Om die bogenoemde doelwitte te bereik deur wedersydse konsultasie en samesprekings tussen die betrokkenes: die skoolhoof, bestuur, personeel, leerders, kontrakteurs asook besoekers aan die skool.

3.21 DIE ROL VAN PREFEKTE EN SKOOLLEIERS

Die prefekte en skoolleiers is saam met die personeel van die skool verantwoordelik vir algemene skooldissipline. Prefekte en ander skoolleiers moet leerders wat oortree na die personeel van die skool bring, waarna lynfunksies gevolg sal word. Alle leerders moet enige redelike voorskrif van 'n prefek of 'n ander skoolleier gehoorsaam, en moet die prefekte en ander skoolleiers ondersteun en samewerking verleen in die behoorlike uitvoering van hul pligte.

3.22 SKOOLKENNISGEWINGS

Alle leerders is verplig om alle kennisgewings wat die beheerliggaam, skoolhoof of 'n opvoeder van die skool vir dié doel aan leerders uitreik, aan hul ouers te oorhandig, en om enige ontvangserkenning wat die ouers moet voltooi, stiptelik aan die registeronderwyser te voorsien.

3.23 OMGEWING

- Leerders het die reg op 'n veilige omgewing en skool wat bevorderlik is vir opvoeding.
- Leerders mag nie die skoolgronde of -geboue bemors nie.

- Leerders wat toeskouers of ondersteuners by enige skoolaktiwiteit is, moet die terrein wat hulle beset netjies en skoon agterlaat, en moet seker maak dat alle rommel opgeruim en in vullishouers geplaas word.
- Leerders moet toilette skoon agterlaat.
- Enige optrede of versuim deur leerders wat 'n gesondheidsgevaar vir ander leerders veroorsaak of moontlik kan veroorsaak, moet vermy word.
- Geen slagspreuke (graffiti), plakkers, plakkate en dergelike dinge mag sonder die toestemming van die skoolhoof op enige oppervlak by die skool aangebring word nie.
- Leerders moet gehoor gee aan die redelike opdragte van die skoolhoof, enige opvoeder, prefek of 'n ander skoolleier met betrekking tot die handhawing van 'n skoon en higiëniese skoolomgewing.

3.24 TOEPASSING EN WYSIGINGS

Skoolreëls is *mutatis mutandis* en ten alle tye van toepassing op seuns wat die koshuise tydens hulle verblyf op die skoolterrein gebruik. Skoolreëls kan enige tyd gewysig of aangepas word. Die skoolhoof en personeel is ook geregtig om sub-reëls uit te vaardig om die effektiewe bestuur en bedryf van enige area binne die skool te verseker.

In geval van 'n redelike vermoede dat leerders hulself aan 'n oortreding van hierdie gedragskode of die landswette skuldig gemaak het, het die skoolhoof of 'n opvoeder die reg om sodanige leerders en/of die eiendom in hul besit vir enige gevaarlike wapens, gewere, dwelms of ander skadelike en gevaarlike middels, gesteelde goedere of pornografiese materiaal te deursoek wat die leerders moontlik op die skoolterrein kon bring. Sodanige leerders se menswaardigheid sal deurentyd gerespekteer word, en dus sal die deursoeking privaat, deur persone van dieselfde geslag, en in die teenwoordigheid van nóg 'n persoon geskied. Die deursoekingsproses en -uitkoms moet opgeteken word.

Enige optrede wat die administrasie, dissipline of doeltreffendheid van die skool onbillik benadeel, sal as 'n oortreding van hierdie gedragskode beskou word.

Skuldigbevinding deur ’n hof aan ’n strafregtelike oortreding sal as ’n oortreding van hierdie gedragskode beskou word.

3.25 VRYSTELLING VAN BEPALINGS VAN DIE GEDRAGSKODE

- Leerders kan op kulturele, godsdienstige of mediese gronde skriftelik by die skoolhoof en beheerliggaam aansoek doen om algehele of gedeeltelike vrystelling van een of meer van die items wat in die gedragskode vervat is.
- Sodanige aansoek moet volledige redes én stawende bewyse insluit. Die bewyslas rus dus op die leerder om die aansoek om vrystelling te staaf.
- Aansoeke om vrystelling sal slegs aan die begin van elke skooljaar oorweeg word, tensy dringendheid of veranderende omstandighede aangevoer kan word.
- In die oorweging van ’n aansoek om vrystelling sal die skoolhoof en beheerliggaam geregtig wees om enige inligting in te win wat hulle vir ’n regverdige beoordeling van die aansoek kan nodig ag.
- Die skoolhoof en beheerliggaam sal die aansoek om vrystelling met die nodige erns en verantwoordelikheid, en binne die raamwerk van die Grondwet en hofuitsprake oorweeg, en die leerder skriftelik van hul besluit inlig.
- In geval van die oortreding van enige bepaling in hierdie gedragskode of die skool se koshuisreëls sal die voorgeskrewe dissiplinêre prosedure gevolg word.

4. GEDRAGSKODE

Gedragskode vir Grey-leerlinge.

Artikel 8 (2) van die SA Skolewet van 1996 wys daarop dat ‘n gedragskode vir leerders daarop gemik moet wees om ‘n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing te vestig wat toegewy is aan die bevordering en instandhouding van ‘n gehalte-leerproses. Die Skolewet plaas die verpligting op die Beheerliggaam om ‘n gedragskode vir leerders te aanvaar. Dit is egter belangrik om daarop te let dat die finalisering daarvan eers na oorlegpleging met die Grey-seuns, ouers en opvoeders kan geskied. Dit is egter onsinnig om bepalings in die kode te plaas wat nie versoenbaar is met die toepaslike wetgewing nie.

Dit moet vermeld word dat Grey-seuns volgens wet verplig word om die bepalings in die gedragskode na te kom en te eerbiedig. Dit is raadsaam om die skriftelike gedragskode in besit van elke Grey-seun en ouerhuis te plaas deur middel van 'n kopie wat geredelik beskikbaar is op die skool se webwerf, of in die vorm van 'n uitdeelstuk.

DEEL 3

1. Prosedure vir dissiplinêre optrede teen leerders

Vir doeleindes van prosedurele aangeleenthede sal oortredings van koshuisreëls as oortredings van die gedragskode beskou word, en sal dieselfde prosedurele vereistes, met die nodige aanpassings na gelang van omstandighede, geld.

Enige verwysing na die beheerliggaam in hierdie dissiplinêre prosedure sluit die dissiplinêre komitee van die beheerliggaam in.

2. Vlakke van dissiplinêre optrede

VLAK 1:

VLAK 1-OORTREDINGS	**STRAF: VLAK 1**
1. Laat vir klas. 2. Verlaat klas sonder toestemming. 3. Huiswerk onvolledig/nie gedoen. 4. Teksboeke nie in klas. 5. Ongeskeer. 6. Voorkoms nie volgens skoolreëls. 7. Wangedrag /klasontwrigting 8. Vloektaal. 9. Gebruik van selfoon in klas. 10. Eet of drink.	**Eerste bondel van 4 oortredings per kwartaal:** ▪ Vrydag-detensie(2-4nm) ▪ SMS aan ouers **Tweede bondel van 4 oortredings per kwartaal OF afwesig by Vrydag-detensie:** ▪ Ouers word ingeroep ▪ Saterdag-detensie (7-9nm) **Derde bondel van 4 oortredings per kwartaal OF afwesig by Saterdag-detensie:** Vlak 2 oortreding.

Vlak 1-oortredings hou hoofsaaklik verband met die klaskamer en ’n leerder se voorkoms.

’n Bondel verwys na enige kombinasie van VIER Vlak 1-oortredings.

Skoolwerk en huiswerk:

- Daar sal ten alle tye ’n ordelike atmosfeer in die klaskamer heers. Leerders mag nie onderrig versteur of verhinder nie.
- Leerders moet klasopdragte stiptelik nakom.
- Alle leerders sal ’n huiswerkboek ingevolge die skoolhoof of klasopvoeder se voorskrifte hou en bywerk.
- Leerders moet die voorgeskrewe huiswerk doen en dit stiptelik teen die bepaalde spertyd by die betrokke opvoeder indien. Versuim om aan hierdie reël te voldoen kan slegs verskoon word indien die leerder op die dag waarop die huiswerk voltooi moes gewees het, ’n skriftelike nota van sy/haar ouers met ’n aanvaarbare verduideliking vir die versuim aan die opvoeder oorhandig.
- Alle leerders moet hul voorgeskrewe skoolwerk met ywer, pligsgetrouheid en toewyding doen om sodoende ’n deurlopende werksetiek te ontwikkel. Versuim om aan hierdie reël te voldoen, sonder ’n aanvaarbare verskoning, sal as ’n oortreding van hierdie reël beskou word.
- Leerders is verplig om enige werk wat hulle misgeloop het, so spoedig moontlik in te haal.

Hierdie oortredings moet deur die betrokke opvoeder op die skool se rekenaarstelsel aangeteken word.

Detensie beteken om skoolwerk onder toesig te doen wat tot die leerder se vordering by die skool sal bydra én die skoolomgewing sal verbeter, met dien verstande dat die ouers betyds ingelig en die veiligheid van die kind verseker word.

Weens die gebrek aan kontrole oor die gebruik van die internet, onwelvoeglike, gewelddadige en pornografiese materiaal sowel as ongekontroleerde kommunikasie met vreemdes deur middel van tegnologie, mag geen selfone in klasse gedurende skool-ure gebruik word nie. Indien ’n Grey-seun ’n selfoon in die klas sonder toestemming gebruik, sal die selfoon onmiddellik gekonfiskeer word

(die sim-kaart mag nie verwyder word nie). 'n Kwitansie sal uitgereik word waarin die selfoon beskryf word; die selfoon sal in 'n koevert geplaas en in die skoolkluis bewaar word vir 'n periode van een week (sewe skooldae), waarna dit weer aan die leerder terugbesorg sal word.

Versuim om vir 'n Vrydag-detensie op te daag, sal outomaties opgegradeer word na 'n Saterdag-detensie. Die betrokke leerder se ouers sal ook ingeroep word om die skoolhoof te kom sien.

Herhaalde Vlak 1-oortredings OF versuim om vir 'n Saterdag-detensie op te daag, sal opgegradeer word na 'n Vlak 2-oortreding.

Leerders sal 24 uur kennis gegee word van beide 'n Vrydag- en/of Saterdag-detensie sodat ouers die nodige reëlings kan tref.

Leerders mag nie in die klaskamer, saal of biblioteek eet of drink nie. Die kou van kougom gedurende skoolaktiwiteite is verbode.

VLAK 2:

Hierdie oortredings word as ernstig beskou en 'n leerder se ouers sal gekontak word. Die straf vir hierdie kategorie hang af van die omstandighede, asook die erns daarvan. In ernstige gevalle sal leerders onderworpe wees aan 'n skoolhoof- ondersoek (intern) waar die skool finale waarskuwing en/of interne skorsing (1-2 weke na gelang van die oortreding) en/of gemeenskapsdiens (ure vasgestel volgens die diskresie van die Dissiplinêre Tugkomitee) kan aanbeveel.

Interne skorsing behels die volgende:

- Detensie in die middae, Maandag tot Vrydag, 2nm-5nm, vir 1-2 weke.
- 'n Leerder mag gedurende hierdie tydperk nie die skool verteenwoordig nie (1-2 weke).

In geval van die oortreding van die gedragskode (Vlak 2 of Vlak 3 oortredings) deur prefekte en ander skoolleiers:

Saam met of as alternatief vir bogenoemde, skorsing van pligte vir ’n tydperk van tot ses weke, of afdanking en permanente verwydering as ‘n prefek of ’n ander leiersamp in die skool

Skoolhoof-ondersoek behels:

- Interne ondersoek.
- Dissiplinêre Tugkomitee: bestaande uit die skoolhoof, ’n adjunk en die registeronderwyser.

Vlak 2-oortredings:

1. Afskryf in klastoetse of eksamens (insluitend plagiaat).

   Dit verwys hoofsaaklik na klaskamer- of eksamenoortredings waar inligting op ’n oneerlike wyse gegee of verkry is. ’n Spesiale geval van klaskamer-oneerlikheid is die pleeg van plagiaat; dit is wanneer ’n leerder iemand anders se idees voorhou as dié van sy eie. Afskryf van ’n ander leerder se werk is ook onaanvaarbaar.

2. Oneerlikheid.

   Oneerlikheid verwys na die vertel van leuens, of die gee van vals inligting. Dit sluit ook in om uit te teken met ’n vals brief, die skryf van ’n brief namens iemand anders, die maak van vals oproepe of die vervalsing van iemand se handtekening.

3. Disrespek/ uitdaag van gesagsfigure

   Daar word van alle leerders verwag om hoflik te wees en respek teenoor ander te toon, asook om die instruksies van die personeel, senior leerlinge of enige volwassene uit te voer terwyl onder die jurisdiksie van die skool. Enige vorm van onbeskofte gedrag, die uitdaag van gesag, of die versuim om geldige instruksies uit te voer, word as ernstige oortredings beskou.

4. Lasterlike kommunikasie.

   Die gebruik van lasterlike kommunikasie verwys daarna om iemand anders se eer aan te tas deur kwetsende aanmerkings te maak.

5. Gebruik of in besit van alkohol.

Geen alkoholiese drankies van enige aard mag in die besit van ’n leerder wees of deur ’n leerder gebruik word terwyl hy onder die jurisdiksie van die skool, hetsy op of weg van die skoolterrein is nie. Dit sluit ook die gebruik van ’n alkoholiese drankie in terwyl ’n leerder saam met sy ouers is en hy onder die jurisdiksie van die skool is. Leerders wat buite die skoolterrein is, maar in skooluniform is, mag ook onder geen omstandighede alkoholiese drankies gebruik nie. ’n Leerder wat in die teenwoordigheid van ander leerders is wat alkoholiese drankies gebruik, maak homself ook skuldig aan ’n besonder ernstige oortreding. Leerders mag ook nie skool bywoon of terugkeer skool toe onder die invloed van alkohol nie.

6. Afknouery.

   Elke Grey-seun is geregtig op respek en om die aktiwiteite van sy keuse op skool te beoefen (akademie, sport, kultuur) sonder inmenging. Dit beteken dat leerders nie fisies of psigies afgenou, beseer, ondermyn of verkleineer mag word nie. Die ondermyning van enige leerder se regte, of om by te dra dat ’n leerder ongelukkig en uitgesluit voel, hetsy deur middel van afknouery of deur hom aan te hits, word as ’n ernstige oortreding beskou. Afknouery kan fisies of psigies wees. Dit mag ook die vorm aanneem van iemand wat eerder stilbly as om onregverdige gedrag aan die lig te bring. Leerders mag ook nie aggressiewe speletjies speel waarin ander “gebons” of “reggesien” word nie, aangesien dit in die meeste gevalle oor-aggressie en beserings tot gevolg het.

7. Verlaat van skool sonder verlof / afwesig uit 'n klas sonder verlof ("bunking").

   Dit verwys na ’n leerder wat die skool verlaat sonder ’n toestemmingsbrief van die skoolhoof se sekretaresse, of sonder ’n gedelegeerde personeellid wat die verantwoordelikheid neem om die leerder te vergesel of ’n toestemmingsbrief om die skool te verlaat, te laat teken. Spesiale omstandighede, soos wanneer ’n leerder ongesteld word of ander afsprake gedurende skool-ure het (Sien Algemene Skoolreëls) sal dienooreenkomstig hanteer word. Dit sluit

ook in wanneer 'n leerder versuim om 'n klas by te woon ("bunking") gedurende skoolure.

8. Vandalisme/ beskadiging van skooleiendom.

   'Skooleiendom' sluit die volgende in:
   - Die grond en geboue wat deur die skool beset word sowel as enige permanente aanhegting aan sodanige grond en geboue
   - Alle ander eiendom, wat toerusting, boeke, voorraad, motorvoertuie en dies meer insluit, wat die skool besit, huur of berg, of vir die beskadiging of verlies waarvan die skool wetlik aanspreeklik gehou kan word

Dit verwys na die opsetlike beskadiging van enige eiendom wat aan iemand anders behoort. Dit sluit ook die krap van skoolbanke en –tafels, die skryf op skoolbanke en –tafels, mure of toiletdeure, die spuit van verf op geboue, asook die oopforseer van deure of toesluitkassies in. Leerders wat hieraan skuldig bevind word, sal die koste moet betaal vir die herstel van die skade, maar sal ook gestraf word volgens die skool se gedragskode. Geen leerder mag enige skooleiendom van die skoolperseel verwyder sonder die vooraftoestemming van die skoolhoof of 'n opvoeder van die skool nie. Leerders mag nie enige eiendom van die personeel van die skool, medeleerders, besoekers aan die skool, of lede van die publiek hanteer, beskadig, merk, skend of vernietig nie. Hierdie reël geld ook vir eiendom op die skoolterrein, in die onmiddellike omgewing van die skool, by of naby die plek van enige skoolaktiwiteit, sowel as enige voertuig waarmee leerders vervoer word en die eiendom daarop.

9. Diefstal of leen sonder toestemming.

   Diefstal of die leen van iemand anders se eiendom sonder die persoon se toestemming is onaanvaarbaar. Grey-seuns moet ook hul eiendom oppas en dit nie in die skoolgange laat rondlê nie, maar dit eerder beveilig deur dit in 'n klaskamer te laat toesluit. Die skool sal onder geen omstandighede verantwoordelik gehou word vir die verlies of beskadiging van enige leerder se eiendom, insluitend selfone, nie. Alle klere, items en eiendom moet ook duidelik met die eienaar se naam op gemerk wees. Die graad en omstandighede van die oortreding sal in ag geneem word. In alle gevalle sal daar verwag word dat die oortreder die gesteelde item sal vervang en hy sal ook volgens die skool se gedragskode gestraf word.

10. In besit wees/ gebruik van gevaarlike wapen/ vuurwapen.

Die besit van enige tipe vuurwapen, terwyl onder die jurisdiksie van die skool, word streng verbied. Die gebruik van enige tipe wapen, insluitend messe of enige ander tipe "speelding" wat enige tipe koeël afvuur, word ook as 'n ernstige oortreding beskou.

11. Ontgroening/Inisiasie.

Beide ontgroening en/of inisiasie is ontoelaatbaar. Daar is 'n oriënteringsprogram vir nuwe leerders wat deur die skoolhoof en senior leerders/prefekte beheer word. Matriekleerders word toegelaat om 'n rol hierin te speel, maar mag slegs binne vasgestelde grense optree. Die doen van persoonlike gunsies deur junior leerders vir seniors word ook as 'n vorm van ontgroening beskou en is ontoelaatbaar.

12. Rook / in besit van tabak / rooktoeskouer.

Geen leerder mag enige vorm van tabak besit, of gebruik, terwyl hy onder die jurisdiksie van die skool is nie. Leerders mag ook nie in besit van vuurhoutjies/aanstekers wees nie. Deur in die teenwoordigheid van leerders te wees wat besig is om te rook, of wanneer 'n leerder na rook ruik, word ook as 'n ernstige oortreding beskou.

13. Pornografie.

Die besit van pornografie/onwelvoeglike materiaal terwyl leerders onder die jurisdiksie van die skool is, word as 'n ernstige oortreding beskou. Dit sluit ook leerders wat handel dryf in pornografie in of versuim om gehoor te gee aan ouderdomsbeperkings soos voorgestel deur die media. Die skool se beleid is dat enige tipe materiaal wat aanstoot gee, materiaal wat van swak smaak getuig of kru, suggestiewe material, nie vertoon, of in die besit van 'n Grey-seun moet wees nie. Dieselfde geld ook vir materiaal wat op leerders se skoolboeke, -lêers of pennehouers vertoon word.

14. Tegnologie-oortredings insluitend die gebruik van selfoonkameras sonder toestemming.

Dit sluit die ernstige misdryf van die skool se rekenaarstelsel/ netwerk, die stuur van kru of obsene e-posse of teksboodskappe, ander e-pos of internet-oortredings, die skending van ander leerders/personeel se privaat kuberruimtes, en enige ander vorm van inbreek maak op die rekenaarstelsel sonder toestemming in. Dit is ook van toepassing op die besoek van onwelvoeglike webtuistes. Die neem van foto's van enige persone binne klaskamers, in die koshuise, kleedkamers of storte, word streng verbied. Geen persone mag sonder hul wete of toestemming afgeneem word nie, omdat foto's wat met selfone of digitale kameras geneem word in die verkeerde hande kan beland en sodoende versprei en misbruik kan word. Die gebruik van enige ander elektroniese toerusting soos I-pods of MP3-spelers, of enige ander digitale toerusting mag nie sonder die toestemming van 'n onderwyser in 'n klaskamer gebruik word nie, aangesien dit steurend vir ander kan wees.

15. Toegang tot geslote areas sonder toestemming.

Indien 'n kamer/area gesluit is, mag geen leerder toegang daartoe verkry deur die deur oop te forseer, deur 'n venster te klim of deur 'n sleutel te gebruik wat op oneerlike wyse bekom is nie. Areas wat gesluit is, beteken dat ongemagtigde persone nie toegang daartoe het nie.

16. Bakleiery/ intimidasie/ opsetlike besering van ander.

Enige vorm van bakleiery tussen Grey-seuns word streng verbied. Dit sluit ook in om iemand met opset te beseer, asook enige vorm van intimidasie, of om iemand anders se veiligheid te bedreig.

17. Bring die goeie naam van die skool in gedrang.

Grey Kollege verwag dat alle leerders voorbeeldig sal optree, beide op en buite die skoolterrein. Leerders moet besef dat hul gedrag 'n weerspieëling van hulself asook van die skool is, ongeag of dit tydens skool-ure is, terwyl hul met vakansie is, gedurende naweke maar ook wanneer hulle na of van die skool reis.

18. Afwesigheid van sportspan / kultuuroptrede.

Leerders word nie toegelaat om afwesig te wees sonder toestemming vir enige sportwedstryde, kultuuroptredes of enige oefeninge nie.

19. Herhaalde Vlak 1-oortredings OF afwesigheid van Saterdag-detensie.

Herhaalde Vlak 1-oortredings of die versuim om op te daag vir 'n Saterdag-detensie, sal outomaties opgegradeer word na 'n Vlak 2-oortreding.

VLAK 3

Hierdie oortredings word as besonder ernstig beskou en 'n leerder se ouers sal ook gekontak word. Leerders wat hulself skuldig maak aan hierdie tipe oortredings, sal versoek word om 'n skoolhoof -ondersoek (ekstern) by te woon onder die voorsitterskap van 'n Lid van die Beheerliggaam, waar die skool se aanbeveling uitsetting of eksterne skorsing vir 'n bepaalde tydperk kan wees.

In geval van die oortreding van die gedragskode (Vlak 2 of Vlak 3 oortredings) deur prefekte en ander skoolleiers:

Saam met of as alternatief vir bogenoemde, skorsing van pligte vir 'n tydperk van tot ses weke, of afdanking en permanente verwydering as 'n prefek of 'n ander leiersamp in die skool.

Dissiplinêre Tugkomitee:

Bestaande uit:

- Ouer-lid van die Beheerliggaam (Voorsitter);
- Skoolhoof;
- Adjunkhoof;
- Twee lede van die Beheerliggaam, of persone wat kwalifiseer om verkies te word tot die Beheerliggaam.
- Die aanklaer word deur die skoolhoof aangewys.

Hierdie komitee word in terme van die Skolewet (84/1996) voorgeskryf en hou formele, volwaardige dissiplinêre verhore (aanklagte, pleit, lei van getuienis, kruisverhoor, skuldig/onskuldig-bevinding en die oplê van straf). Hierdie komitee hanteer ernstige gevalle waar uitsetting en eksterne skorsing 'n wesenlike moontlikheid is.

Die SA Skolewet bepaal dat 'n Beheerliggaam 'n leerder wat vermoedelik ernstige wangedrag (Vlak 3) gepleeg het op redelike gronde en as 'n voorsorgmaatreël vir tot sewe skooldae van skoolbywoning kan skors, maar kan slegs sodanige skorsing oplê nadat die leerder 'n redelike geleentheid ontvang het om vertoë in verband met sodanige skorsing aan die beheerliggaam te rig.

Indien die beheerliggaam besluit om die uitsetting van die leerder by die Onderwyshoof aan te beveel kan die beheerliggaam die leerder vir 'n redelike tydperk van tot veertien skooldae skors, hangende die Onderwyshoof se beslissing.

Eksterne skorsing bly 'n tydelike maatreël, terwyl uitsetting 'n permanente maatreël is.

Na afloop van 'n verhoor waarin enige leerder aan die oortreding van koshuisreëls skuldig bevind word, kan die beheerliggaam sodanige leerder enige van voormelde strawwe oplê, of die leerder vir enige gepaste tydperk van koshuisinwoning skors, of die leerder uit die koshuis uitsit.

Vlak 3-oortredings:

1. Oortreding van enige landswette terwyl die leerder op skool of die verantwoordelikheid van die skool is.

   Indien 'n Grey-seun se optrede aanleiding gee tot 'n kriminele oortreding, sal die skool nie versuim om 'n kriminele aanklag by die betrokke owerheid te lê en te versoek dat die leerder krimineel vervolg word nie.

2. Neem of in besit van dwelms, insluitend dwelms om sportprestasies te verbeter.

Dit verwys na ’n leerder wat in besit betrap word van dwelms en verwys nie na ’n leerder wat hulp soek om gerehabiliteer te word vir dwelmmisbruik nie. Geen leerder mag in besit wees, dit gebruik of onder die invloed wees van enige onwettige dwelm of enige ander onwettige middels (insluitend onwettige middels om sportprestasies te verbeter) terwyl hy onder die jurisdiksie van die skool is nie. Selfs medikasie wat deur ’n geneesheer voorgeskryf word, mag nie skool toe of koshuis toe gebring word sonder die toestemming van die skoolhoof/koshuisvader nie. Leerders mag ook nie in besit wees van enige toerusting wat verband hou met dwelmgebruik nie.

3. Voorsiening of handeldryf in dwelms.

   Leerders mag nie dwelms koop, verkoop of handel dryf in dwelms of enige ander onwettige middels, insluitend onwettige middels om sportprestasies te verbeter, terwyl hulle onder die jurisdiksie van die skool is nie.

4. Seksuele wangedrag.

   Dit behels die betrokke wees in enige vorm van seksuele aktiwiteit of om in die teenwoordigheid van ander persone te wees of deur iemand anders gesien word terwyl besig met seksuele aktiwiteite. Dit sluit ook in om ander aan te hits om deel te neem aan ’n seksuele aktiwiteit of enige ander aktiwiteit van ’n seksuele aard wat as ’n misdaad onder die Suid-Afrikaanse Wet beskou word.

5. Rassistiese opmerkings

   Dit verwys na die gebruik van lasterlike kommunikasie waar neerhalende opmerkings oor die ras en/of kultuur van 'n persoon gemaak word.

6. Betrokkenheid in lewensgevaarlike speletjies.

   ’n Leerder se betrokkenheid by enige speletjie, soos bv. die “wurg-speletjie” waarin hy sy eie of iemand anders se lewe in gevaar kan stel, is streng verbode.

7. Herhaalde Vlak 2-oortredings terwyl finale waarskuwing gegee is en/of interne skorsing geldig is, asook versuim om gemeenskapsdiens te verrig.

   Herhaalde Vlak 2-oortredings binne ’n tydperk van ses maande nadat ’n leerder skuldig bevind is aan ’n Vlak 2-oortreding, of terwyl hy ’n finale waarskuwing ontvang het en/of interne skorsing, of versuim om die gespesifiseerde gemeenskapsdiens te verrig, sal beteken dat die oortreding opgradeer word tot ’n Vlak 3-oortreding en sal volgens die skool se gedragskode strafbaar wees.

3. Dissiplinêre verhoor

3.1 Voorlopige ondersoek

Wanneer ’n leerder na bewering of vermoedelik ’n ernstige oortreding (Vlak 3) begaan het, kan die skoolhoof ’n ondersoekbeampte aanstel. Laasgenoemde sal inligting insamel sodat die skoolhoof kan besluit of ’n dissiplinêre verhoor nodig is.

3.2 Verhoor

3.2.1 Die ondersoekbeampte stel ’n klagstaat op, en die ouers en leerder ontvang skriftelik kennis van die klag en die plek, datum en tyd van die verhoor. Hierdie reëlings word in oorleg met die dissiplinêre komitee getref.

3.2.2 Die kennisgewing moet genoeg inligting bevat oor die datum, plek en aard van die beweerde oortreding.

3.2.3 Minstens vyf skooldae moet tussen die oorhandiging van die kennisgewing en die verhoor verloop.

3.2.4 Die beheerliggaam stel die dissiplinêre komitee aan. Die voorsitter van die komitee moet ’n lid van die beheerliggaam wees. Die dissiplinêre komitee sal die bevoegdheid hê om die dissiplinêre verhoor namens die beheerliggaam te behartig en af te handel, so volledig asof dit deur die beheerliggaam self gedoen is, en sal geregtig wees om alles te doen wat die beheerliggaam kragtens toepaslike wetgewing mag doen, wat insluit die oplegging en afdwinging van enige strafmaatreël en die aanbeveling van uitsetting by die Onderwyshoof. Hierdie oordrag van bevoegdheid belet egter nie die beheerliggaam om sodanige bevoegdhede self uit te oefen nie.

3.2.5 Die leerder moet deur sy/haar ouer of ’n persoon wat deur die ouer aangewys word, bygestaan word. In geval van ernstige oortredings het die leerder die reg om aansoek te doen om deur ’n regsverteenwoordiger of ander persoon wat deur die ouer van die leerder aangewys word, verteenwoordig te word. Sodanige aansoek moet minstens twee skooldae voor die aanvang van die verhoor aan die voorsitter van die dissiplinêre komitee gerig word. Geen ander persone behalwe bogenoemde mag die verhoor namens die beskuldige leerder bywoon nie.

3.2.6 Wanneer ’n leerder regsverteenwoordiging het, kan die leerder die dissiplinêre prosedure verkort deur ’n pleit-en-vonnis-ooreenkoms met die voorsittende beampte te sluit.

3.2.7 Benewens minderjarige leerders se reg om deur middel van tussengangers te getuig, soos dit in artikel 8(7)–(9) van die Skolewet uiteengesit word, sal minderjarige leerders (hetsy as beskuldigdes of as getuies) ook geregtig wees om gedurende dissiplinêre verrigtinge deur hul ouers of ’n opvoeder van hul keuse bygestaan te word. ’n Persoon wat ’n leerder bystaan, sal egter nie geregtig wees om enige vrae namens die leerder te beantwoord of die dissiplinêre komitee toe te spreek nie.

3.2.8 Leerders wat by dissiplinêre verrigtinge betrokke is, sal ook geregtig wees op ondersteuning, advies en berading deur opvoeders wat vir daardie doel deur die skoolhoof of die beheerliggaam aangewys is, met dien verstande dat sodanige opvoeder nie die leerder by die dissiplinêre verhoor mag bystaan tensy die ouer van die leerder die opvoeder daartoe magtig nie.

3.2.9 Indien die leerder en/of sy ouers en/of verteenwoordiger ondanks behoorlike kennisgewing afwesig is, kan die verhoor in hul afwesigheid voortgaan.

3.2.10 Die verhoor moet billik en regverdig wees, en sal volgens die voorskrifte van die toepaslike provinsiale wetgewing geskied. Die aanklaer en leerder (of die leerder se verteenwoordiger namens die leerder, indien van toepassing) moet die geleentheid gegun word om hul saak te stel, kan vrae aan getuies stel, kan getuies roep, en kan dokumente wat op die saak betrekking het, ondersoek of voorlê.

3.2.11 Die lede van die dissiplinêre komitee sal self ook geregtig wees om getuies te roep, bykomende getuies of getuienis

aan te vra, vrae aan getuies te stel, of enige aspek verder te ondersoek of te laat ondersoek wat billikheid en regverdigheid kan bevorder.

3.2.12 Nadat die getuienis aangehoor is, neem die komitee ’n besluit oor die leerder se skuld of onskuld. Vir doeleindes hiervan, of vir doeleindes van ’n beslissing oor enige geskil wat gedurende die verrigtinge ontstaan, sal die komitee geregtig wees om vir ’n redelike tydperk te verdaag ten einde sy beslissing te oorweeg. Sodanige oorweging sal agter geslote deure geskied en slegs deur lede van die komitee bygewoon word.

3.2.13 Indien die leerder skuldig bevind word, sal die leerder en die aanklaer nóg ’n geleentheid ontvang om getuienis aan te bied en/of vertoë te rig oor versagtende en verswarende omstandighede wat die komitee in ag moet neem ten einde ’n gepaste straf op te lê. Ten einde ’n gepaste straf te oorweeg, sal die komitee geregtig wees om weer vir ’n redelike tydperk te verdaag. Sodanige oorweging sal ook agter geslote deure geskied en slegs deur lede van die komitee bygewoon word.

3.3 Uitspraak en strafmaatreël

3.3.1 In geval van ’n skuldigbevinding moet die beslissing van die dissiplinêre komitee, wat die opgelegde sanksie insluit, binne hoogtens vyf skooldae skriftelik aan die leerder en sy ouers en die aanklaer oorgedra word.

3.3.2 Ondanks enige skuldigbevinding en strafmaatreël wat deur die beheerliggaam opgelê word, kan enige belanghebbende enige oortreding van die gedragskode wat op ’n strafregtelike oortreding kan neerkom, vir ondersoek na die Suid-Afrikaanse Polisiediens verwys.

4. Interne appèl

4.1 ’n Party wat ontevrede is met die uitslag van dissiplinêre verrigtinge voor die beheerliggaam se dissiplinêre komitee sal die reg hê om binne 24 uur nadat hy/sy die skriftelike uitslag ontvang het, skriftelik by die voorsitter van die beheerliggaam teen die skuldigbevinding, die opgelegde strafmaatreël, of albei, te appelleer.

4.2 Die kennisgewing van appèl moet die gronde vir die appèl duidelik uiteensit.

4.3 Binne 24 uur ná ontvangs van die kennisgewing van appél moet die voorsitter van die beheerliggaam ’n appèlkomitee saamstel wat uit ’n lid van die beheerliggaam as voorsitter, en minstens twee ander kundige persone bestaan. Die lede van die dissiplinêre komitee wat die saak aangehoor het, kan nie in die appèlkomitee ook dien nie.

4.4 Die voorsitter van die beheerliggaam moet die kennisgewing van appèl aan die voorsitter van die appèlkomitee en die ander party in die verrigtinge voor die dissiplinêre komitee oorhandig, en toesien dat die rekord van die dissiplinêre verrigtinge tot die appèlkomitee se beskikking gestel word.

4.5 Die ander party sal geregtig wees om binne 24 uur ná ontvangs van die kennisgewing van appèl in reaksie daarop vertoë aan die voorsitter van die appèlkomitee te rig.

4.6 Die appèlkomitee sal by oorweging van die appèl beperk wees tot ’n oorweging van die rekord van die verrigtinge voor die dissiplinêre komitee, die kennisgewing van appèl, en enige vertoë wat die ander party voorlê.

4.7 Enige party wat verdere getuienis wat nié deel uitmaak van die rekord van die verrigtinge voor die dissiplinêre komitee nie, vir oorweging aan die appèlkomitee wil voorlê, moet skriftelik om toestemming by die voorsitter van die appèlkomitee aansoek doen. In geval van die appellant moet sodanige aansoek in die kennisgewing van appèl vervat wees, en in geval van die ander party moet dit binne 24 uur ná oorhandiging van die kennisgewing van appèl geskied.

4.8 Die aansoek om nuwe getuienis voor te lê moet ’n volledige verduideliking bevat waarom die getuienis nie gedurende die dissiplinêre verrigtinge beskikbaar was of aangebied is nie, moet die aard van die getuienis uiteensit, en moet die tersaaklikheid van die getuienis vir die oorweging van die appèl uiteensit.

4.9 Die appèlkomitee moet binne sewe skooldae ná ontvangs van die kennisgewing van appèl sy besluit skriftelik aan die partye bekend maak.

4.10 Enige strafmaatreël wat deur die dissiplinêre komitee opgelê is, word opgeskort hangende die beslissing van die appèlkomitee.

4.11 Met die oorweging van die appèl kan die appèlkomitee:

a) die beslissing van die dissiplinêre komitee oor die skuldig- of onskuldigbevinding en/of strafmaatreël ter syde stel of handhaaf;
b) ’n alternatiewe strafmaatreël oplê (wat ’n swaarder straf insluit); en
c) enige ander beslissing gee wat die appèlkomitee in die omstandighede as billik of regverdig ag.

5. Algemeen

Hierdie is nie ’n volledige en uitgeputte lys van oortredings nie. Leerders mag hulself skuldig maak aan wangedrag onder enige omstandighede waar hul optrede onvanpas is, of as onbetaamlik beskou word vir ’n leerder van Grey Kollege. Hierdie gedrag kan omstandighede insluit waar ’n leerder optree op enige wyse of enige daad pleeg, of versuim om op te tree en waar welke gedrag of versuim om op te tree die dissipline en orde, effektiewe funksionering, of die goeie naam van die skool in gedrang kan bring.

Daar word ’n ernstige beroep op ouers gedoen om die skool ten alle tye te ondersteun in die effektiewe uitvoer van hierdie disiplinêre stelsel. Dit is uiters noodsaaklik dat ouers/voogde saamwerk om die gedrag en probleme wat Grey-seuns mag ondervind, aan te spreek en op te los.